basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# INLIGTINGSTEGNOLOGIE

## RIGLYNE VIR
## PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

## 2015

**Hierdie riglyne bestaan uit 39 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INHOUDSOPGAWE

**1. INLEIDING 3**

**2. RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER 4**

2.1 Idees en benaderings om die leerders te lei 4
2.2 Wanpraktyk 5
2.3 Leerder se verklaring van egtheid van die PAT 5
2.4 Rol van die onderwyser 6
2.5 Onder toesig/Gekontroleerde toestande 7
2.6 Bestuur van die PAT 7
2.7 Bewys van assessering 7
2.8 Onderhoud 7
2.9 Vereistes 8
2.10 Nienakoming 8

**3. RIGLYNE/INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER 10**

3.1 Wat is die PAT? 10
3.2 Puntetoekenning 11
3.3 Die onderwerp 12
3.4 Oorsig 13
3.5 PAT-vereistes 15
3.6 Wat jy nodig het om die PAT te kan doen 16
3.7 Wanpraktyk 16
3.8 Nienakoming 16
3.9 Instruksies vir Fase 1 17
3.10 Instruksies vir Fase 2 19
3.11 Instruksies vir Fase 3 21

**4. GEVOLGTREKKING 22**

**BYLAE A: Assesseringsinstrumente 23**
**BYLAE B: Anatomie van 'n verslag 37**
**BYLAE C: Leerder se verklaring 38**
**BYLAE D: Verklaring van egtheid 39**

**AKRONIEME**

| | |
|---|---|
| KABV | Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring |
| VOO | Verdere Onderwys en Opleiding |
| NKV | Nasionale Kurrikulumverklaring |
| NSS | Nasionale Senior Sertifikaat |
| PAT | Praktiese Assesseringstaak |
| AP | Assesseringprogram |
| SGA | Skoolgebaseerde Assessering |

## 1. INLEIDING

Die 16 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

Kopiereg voorbehou 

**2. RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER**

# 2.1 Idees en benaderings om die leerders te lei

## Wat word daar van die leerders verwag om te doen en te lewer?

Daar word van die leerder verwag om met toepaslike toesig:

- 'n Area van belangstelling binne die onderwerp/scenario te kies
- 'n Vraag te formuleer waarop gefokus kan word en wat ondersoek/nagevors kan word
- Te beplan, na te vors en die projek uit te voer
- 'n Verslag vir 'n spesifieke gehoor te lewer
- Bewys te lewer van al die fases van die projek vir assessering

## Hoe sal die leerders te werk gaan?

Die leerder sal:

- 'n Individuele projek beplan en voltooi deur 'n verskeidenheid van programmering- en sagteware-ingenieursvaardighede en -strategieë toe te pas om die doelwitte soos wat dit in die PAT-vereistes uiteengesit is, te bereik
- Vrae identifiseer om te vra
- Uitgesoekte inligting uit 'n verskeidenheid van bronne bekom, krities uitsoek en gebruik, data verwerk en analiseer, dit binne verband toepas en insig toon met sinvolle aansluiting, verband en kompleksiteit ten opsigte van die onderwerp en die vraag waarop gefokus word
- 'n Verskeidenheid vaardighede kies en gebruik, insluitend ontwerphulpmiddele, algoritmes, probleemoplossing, kritiese besluitneming, kreatiwiteit en buigbaarheid, om 'n sagteware-oplossing te lewer
- Uitkomste evalueer, beide in verband met PAT-vereistes en eie leer en werkverrigting
- Toepaslike kommunikasievaardighede en media gebruik om bewyse in 'n gepaste formaat aan te bied

## Vaardighede wat vereis word

Die leerder moet in staat wees om:

- Navorsing oor die onderwerp te doen en bevindinge behoortlik te dokumenteer insluitend verwysings soos gespesifiseer in Fase 1 se nasienblad
- 'n Volledige analise van gebruikervereistes te doen wat 'n volledige beskrywing van die rol, aktiwiteite, vereistes en beperkinge van ten minste drie verskillende gebruikers van die beplande stelsel insluit
- Inligting bymekaar sit om by die inhoud en doel te pas
- Besluitneming- en probleemoplossingsvaardighede toe te pas
- Beplanning, navorsing, kritiese denke, analise, sintese, evaluering en aanbiedingsvaardighede uit te brei

- Selfvertroue te ontwikkel in die toepassing van inhoud, programmering en sagteware-ingenieurwese-beginsels en -tegnieke wat hulle bestudeer het
- Vaardighede skeppend te ontwikkel en toe te pas deur inisiatief en ondernemingsgees te toon
- Raad en ondersteuning te soek wanneer nodig

### Wat moet die leerder vooraf geleer word?

Die elemente wat geleer word, sluit in:

- Toepassingsagteware en IKT-vaardighede wat die samestelling van die verslag en die ontwikkeling van die projek wat navorsing, analise en uitvoer dek, sal verbeter
- Oplossingsontwikkelingsinhoud en -vaardighede, insluitend die vermoë om 'n taak te definieer
- Projekbestuursvaardighede, insluitend tyd-, bronne- en taakbestuur
- Die formaat en struktuur van aanvaarde vorme van 'n navorsingsverslag wat uittreksel, inleiding, bespreking met al die bronne wat aangehaal is, samevatting en verwysings insluit

## 2.2 Wanpraktyk

Leerders mag nie:

- Hulp/Leiding van ander kry sonder om erkenning aan hulle te gee nie (voltooi **Bylae C** vir ELKE fase)
- Ander toelaat om die programmeringkode van hulle projek te doen nie
- Werk inlewer wat nie hulle eie is nie
- Werk aan ander leerders leen nie
- Ander leerders toelaat om toegang te kry tot, of gebruik te maak van, hulle eie onafhanklik-gevonde bronmateriaal nie (dit beteken nie dat kandidate nie hulle boeke vir ander kandidate mag leen nie, maar kandidate behoort gekeer te word om plagiaat met ander leerders se werk te pleeg)
- Werk insluit wat direk uit boeke, die Internet of ander bronne gekopieer is sonder om erkenning en dank te gee nie
- Werk inlewer wat deur 'n ander persoon getik of verwerk is nie

Hierdie aksies kom neer op wanpraktyk, waarvoor straf toegepas sal word.

Indien wanpraktyk geïdentifiseer is, moet die assesseringsgesag in kennis gestel word en besonderhede van enige werk wat nie die leerder se eie is nie, moet aangeteken word.

## 2.3 Leerder se verklaring van egtheid van die PAT

Vir elke fase voltooi leerders 'n verklaring (**Bylae C**) vir die werk wat tydens daardie spesifieke fase gedoen is. Alle toepaslike raad/hulp wat aan die leerders gegee is, moet as deel van die fase se dokumentasie aangeteken word.

Nadat die PAT voltooi is, moet leerders die verklaring van egtheid (**Bylae D**) teken om te bevestig dat die werk wat hulle ingegee het, hulle eie is.

## 2.4 Rol van die onderwyser

Die onderwyser sal die inligtingsbestuursinhoud, -vaardighede en -strategieë onderrig voordat die projek gedoen word.

Die onderwyser:

- Sal die projek bestuur en toesig oor die leerders hou
- Hou 'n aanvanklike beplanningsoorsig om die onderwerp/scenario, vereistes, doelwitte en ontwikkeling van die projek te bespreek
- Stem saam oor die vraag waarop gefokus moet word (leerders moet die leiding wat gegee word, aanteken as deel van Fase 1 se dokument (**Bylae B**), bv. waar van toepassing, teken eie oorspronklike vraag aan met duidelike bewys van leiding gegee en die finale vraag)
- Gee gereelde terugvoer aan leerders, bv. om 'n fokusvraag te formuleer wat geskik en hanteerbaar is
- Assesseer die werk van die leerders aan die einde van elke fase deur die gestandaardiseerde assesseringsinstrument te gebruik en terugvoer wat gegee is, aan te teken
- Bevestig elke leerder se assessering deur die assesseringsinstrument vir elke fase te teken, insluitend die finale verklaring dat die bewyse wat vir assessering ingegee is, die werk van die leerder is sonder enige hulp
- Bevestig hulle evaluering op grond van deurlopende waarneming en terugvoer sowel as 'n ondervragingsessie (onderhoud) om 'n finale beoordeling te verskaf ten opsigte van onafhanklike werk, insig en probleemoplossing
- Doen die assessering van die leerders se werk deur enige gestandaardiseerde en interne modereringsprosedure wat vereis word, te volg

Die onderwyser sal die potensiële projek (taakdefinisie en -omvang) teen die volgende kontrolelys assesseer:

- Is die fokusarea geskik vir die projek?
- Laat die fokusvraag die leerder toe om toegang tot hoëvlak-konsepte en -vaardighede in die assesseringsdoelwitte te verkry en te ondersoek, met ander woorde beplan, navors, analiseer, evalueer en verduidelik eerder as om slegs te beskryf en te vertel?
- Is die fokusvraag en voorgestelde aksie duidelik en gefokus op 'n kwessie wat bestuur kan word binne die tydgleuf en beskikbare bronne?
- Dui die fokusvraag en voorgestelde aksie aan dat die leerder in staat sal wees om die onderwerp te ondersoek en na te vors en die taak onafhanklik uit te voer binne geskikte etiese of metodologiese riglyne?
- Sal die leerder dit waarskynlik moeilik vind om die taak en kwessies wat met die fokusvraag geassosieer word, te verstaan?

Die onderwyser sal die egtheid van die PAT staaf:

- Die onderwyser moet op die assesseringsinstrument bevestig dat die werk wat geassesseer is, alleenlik die betrokke leerder se werk is en dat dit onder toesig/gekontroleerde toestande gedoen is.
- Die onderwyser moet die assesseringsinstrument van elke fase onderteken.

## 2.5 Onder toesig/Gekontroleerde toestande

Die PAT moet op so 'n manier bestuur word dat dit moontlik is om te kan bevestig dat die werk wat geassesseer is, alleenlik die werk van die betrokke leerder is.

## 2.6 Bestuur van die PAT

Die onderwyser moet sy/haar werk skeduleer volgens die tyd wat aan die PAT toegeken is in die IT KABV (onderrigplan vir Graad 12).

Daar is verskillende moontlike benaderings om die PAT te bestuur:

**Opsie 1:**

- Die onderwyser kan 'n deel van die tyd op 'n weeklikse basis aan die PAT toewy terwyl daar terselfdertyd voortgegaan word met normale onderrig om die graad 12-kurrikulum deur die res van die week te voltooi.
- As hy/sy hierdie opsie kies, behoort hy/sy teen die einde van die eerste kwartaal met die PAT-proses te begin om een fase per kwartaal te voltooi.

**Opsie 2:**

- Die onderwyser kan 'n aaneenlopende tydperk aan die PAT wy, bv. die laaste week/weke van elke kwartaal en ook een fase per kwartaal voltooi.

## 2.7 Bewys van assessering

Bewyse wat voorgelê word vir assessering moet aandui hoe die individuele leerder aan die assesseringsdoelwitte en -kriteria voldoen het en die beplanning, terugvoer en vordering van die projek insluit.

Die bewys van assessering sal die volgende insluit:

- Die projek as produk insluitend 'n geskrewe verslag van ongeveer 1 600 woorde (slegs inhoud, uitgesluit die dekblad, inhoudsopgawe, verwysings en grafika), ontwerp-dokumente, finale program (ten volle gedokumenteer) en ander bewyse (vir elke fase).
- Die voltooide assesseringsinstrument van die leerder (vir elke fase)

## 2.8 Onderhoud

Riglyne vir die evaluering van die projek:

- Skeduleer datums en tye vir demonstrasies – laat omtrent 15 minute per projek toe.
- Neem al die dokumentasie in voordat die demonstrasie plaasvind – ten minste een week voor die tyd – en evalueer die dokumentasie voor die demonstrasie-sessie.
- Leerders moet hulle projekte elektronies op die rekenaar demonstreer.

- Tydens die demonstrasie-sessie moet leerders toets-prosedures uitvoer om te wys dat die hele program reg werk.
- Gebruik die nasienblad vir Fase 3 as 'n riglyn en ken punte daarvolgens toe tydens die demonstrasie.
- Identifiseer stukke programmeringskode in die projek ewekansig as deel van die evaluering en vra die leerder om die doel en werking van die ewekansig-geselekteerde kode te verduidelik. Dit word gedoen om te verseker dat die leerder self die kode gedoen het. 'n Soortgelyke tipe prosedure sal tydens moderering gevolg word. As 'n leerder nie die kode in die projek kan verduidelik nie, sal 'n punt van nul aan die projek toegeken word.
- Maak seker dat die leerder die elektroniese kopie van die projek wat gedemonstreer is, inlewer. Gebruik hierdie kopie om enige uitstaande punte toe te ken om die punt te finaliseer.

## 2.9 Vereistes

**(Nasionale Protokol vir Assessering Graad R–12, Hoofstuk 3)**

Komponente van die Praktiese Assesseringstaak moet:

- Bestaan uit assesseringstake wat saam deel uitmaak van die leerder se PAT-punt soos beoog is in Hoofstuk 4 van die Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring vir IT
- 'n Punt insluit wat vir elke assesseringstaak (fase) toegeken is en 'n konsoliderende punt
- Gelei word deur die assesseringskomponente soos gespesifiseer in Hoofstuk 4 van die Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring vir IT
- Beskikbaar wees vir monitering en moderering
- Deur die onderwyser geëvalueer, gekontroleer en gestaaf word voordat dit as die leerder se bewys van werkverrigting voorgelê word

## 2.10 Nienakoming

**(Nasionale Protokol vir Assessering Graad R–12, Hoofstuk 3)**

Die afwesigheid van 'n PAT-punt in IT, sonder 'n geldige rede, sal die gevolg hê dat die leerder nie 'n punt kry nie.

Die leerder sal tot drie weke voor die aanvang van die finale eksamen aan die einde van die jaar gegee word om uitstaande werk in te lewer of om aan te meld vir die PAT. Indien die leerder nie daarin sou slaag om aan die uitstaande vereistes van die PAT te voldoen nie, sal nul ('0') aan die leerder toegeken word vir die PAT-komponent van IT.

In die geval van 'n leerder wat nie aan die vereistes van die PAT voldoen nie, maar waar daar 'n geldige rede gegee word, sal:

- Hy of sy 'n ander geleentheid gegee word om geassesseer te word in die take wat toegeken is, gebaseer op 'n besluit wat deur die hoof van die assesseringsliggaam geneem is.
- Die leerder, binne drie weke voor die aanvang van die finale einde-van-die-jaar-eksamen, die uitstaande werk inlewer of vir die PAT aanmeld.

Indien die leerder nie daarin slaag om aan die uitstaande vereistes van die PAT te voldoen nie, sal die punt van die PAT-komponent weggelaat word en die finale punt sal aangepas word vir promosiedoeleindes met betrekking tot die voltooide take.

Geldige redes in hierdie konteks sluit die volgende in:

- Siekte, bevestig deur 'n geldige mediese sertifikaat, wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn uitgereik is
- Menslikheidsredes wat die dood van 'n onmiddellike familielid insluit, bevestig deur 'n doodsertifikaat
- Wanneer die leerder in 'n hofsaak moet verskyn, wat deur geskrewe bewyse bevestig moet word
- Enige ander rede wat as geldig aanvaar kan word deur die hoof van die assesseringsliggaam of sy/haar verteenwoordiger

Waar geldige redes verskaf word, moet die bewyse van die geldige redes ingesluit word by die bewyse van die leerder se werkverrigting.

Kopiereg voorbehou 

**3. RIGLYNE/INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER**

## 3.1 Wat is die PAT?

Die Praktiese Assesseringstaak (PAT) is 'n sagteware-ontwikkelingsprojek wat jou die geleentheid gee om jou sagteware-ontwikkelings- en programmeringsvaardighede te toon.

Die doel van die PAT is:

- Om breedvoerig met kennis van die inhoud te werk en jou programmerings- en organisasievermoë te verbeter
- Om hoërorde- en kritiese denkvermoë te implementeer, strategieë te formuleer en probleme op verskillende vlakke op te los
- Om goeie werkspraktyk te ontwikkel, wat jou sal voorberei vir die werklikheid, soos
  - Tydbestuur
  - Deeglike navorsing en beplanning
  - Deursettingsvermoë om dit wat jy beplan te bereik en daarin te presteer
  - Aanbieding en bemarking van jou produk

Jy sal kennis en begrip van die sagteware-ontwikkelingsiklus moet toon deur analise, ontwerp, kodering en toetsing van jou projek. Jy sal effektiewe gebruik van sagteware-ontwerpgereedskap en -tegnieke wat jy bestudeer het, moet toon.

Ten einde optimistiese en positiewe resultate vir jou finale produk te bereik, moet jy:

- 'n Uitgebreide en metodiese verslag verskaf, wat duidelik die navorsing en ondersoek wat oor die doel en omvang van die projek gedoen is, uiteensit
- 'n Moontlike oplossing vir die taak wat geïdentifiseer is, verskaf
- 'n Moontlike ontwerp van hoe die produk gaan lyk, verskaf

Die PAT is in DRIE fases verdeel, soos hieronder verduidelik.

Fase 1: Omskryf die projektaak en -oplossing en verskaf relevante navorsingsmetodes

Fase 2: 'n Moontlike ontwerp van die projek

Fase 3: 'n Werkende, volledig gedokumenteerde, Delphi/Java-program wat die beplande oplossing implementeer

- **Indieningsdatums: Die werklike datums sal deur jou vakonderwyser bepaal word.**
  **Fase 1: Nie later as een week voor die einde van Kwartaal 1 nie**
  **Fase 2: Nie later as een week voor die einde van Kwartaal 2 nie**
  **Fase 3: Nie later as drie weke voor die begin van die graad 12 finale eksamen nie**.

  Die onderwyser in beheer van die assesseringsproses sal die sperdatums vir elke fase uiteensit.
  LEERDERS MOET STRENG BY DIE VASGESTELDE SPERDATUMS HOU.

**LET WEL:** Daar sal van jou verwag word om in 'n onderhoud jou program te demonstreer en te bespreek.

## 3.2 Puntetoekenning

Die PAT tel 25% van jou finale punt vir IT. Dit is dus van uiterste belang dat jy poog om werk van 'n hoë standaard te lewer.

| Fase | Ontwikkelingsfase | Maksimum Punt |
|---|---|---|
| **Fase 1** | Navorsing en Analise | 30 |
| **Fase 2** | Ontwerp | 40 |
| **Fase 3** | Vlak 1: Kodering en toetsing (80)<br>Vlak 2: Hoër-orde-oplossings (20) | 100 |
| **Algemeen** | Finale produk en indruk | 10 |
| | **Totaal** | **180** |

**LET WEL:**

- Die PAT-punt is 'n verpligte komponent van die finale sertifiseringspunt vir alle kandidate wat vir Inligtingstegnologie geregistreer is.
- Jou PAT sal ekstern deur vakkundiges gemodereer word en die kwaliteit van die werk sal deur UMALUSI nagegaan word.

# 3.3 Die onderwerp

**'N FINANSIËLE STELSEL**

Finansies het op een of ander manier 'n invloed op almal. Daar word dikwels van 'n finansiële stelsel verwag om 'n verskeidenheid funksies te verrig wat mense/maatskappye/organisasies help om hulle finansies effektief te bestuur.

Daar word van jou verwag om 'n **finansiële stelsel** vir 'n maatskappy/skool/klein besigheid/ huishouding/organisasie, ens. te beplan en te ontwerp.

Enkele voorbeelde en idees wat verband hou met finansies:

- *Finansiële instellings*, bv. banke, hou boek van hulle personeel, kliënte en produkte
- *Beleggingsbanke*, bv. korttermynbelegging, vaste deposito, effektetrust, geldmark, ens.
- *Finansieringslenings*, bv. korttermynlening, huislening, voertuiglening, studielening, ens.
- Boekhou van inkomste en uitgawes van *huishoudings* op 'n maandelikse of jaarlikse basis
- *Versekering* op bankwese gebaseer
- *Begrotings* vir huishoudings, restaurante, store, sportklubs, ens.

Kies 'n toepassing/omgewing wat met finansies verband hou en doen navorsing oor die inligtingstelselvereistes.

*Jy word nie beperk tot die bostaande lys funksies nie, maar moet data en funksies (dienste) op so 'n wyse kies dat dit 'n bruikbare en goed afgeronde toepassing kan skep.*

**Spesifieke vereistes:**

- Die projek moet die belangrikste ontwikkelingsgereedskap insluit, m.a.w. 'n databasis en programmeringstaalkonstrukte wat goed geïntegreer is.
- Sluit al die aspekte in wat in die PAT-vereistes (sien bladsy 15) en Fase 3 se nasienriglyne (**Bylae A**) genoem word.

**Algemene programmeringsaspekte wat in jou projek geassesseer sal word:**

- Programmeringstyl
- Grafiese gebruikerskoppelvlak (GGK/'GUI')
- Gebruik van goeie mens-rekenaar-interaksie- en sagteware-ingenieurswese-beginsels
- Toevoer-/Afvoerbestuur
- Funksionaliteit van die program
- Vlak van deskundige programmering
- Robuustheid van die program, insluitend die gebruik van defensiewe programmeringstegnieke
- Of die projek die oorspronklike doelstellings en mikpunte bereik
- Interne dokumentasie om dele van die program te verduidelik

**LET WEL:** Jou finale program moet uit EEN enkele projek, met logies verwante dele, bestaan.

# 3.4 Oorsig

## FASE 1– ANALISE

Tydens hierdie fase moet jy bewys dat jy 'n goeie en deeglike gebruikersbehoefte-analise gedoen het om te bepaal wat gebruikers van die stelsel wil hê dat die stelsel moet kan doen.

Die volgende kan as 'n riglyn gebruik word:

- Gebruik die scenario om die taak te identifiseer en die doel, inhoud en omvang van die taak uiteen te sit.
- Bepaal die kliënt/gebruiker en die vereistes van die kliënt/gebruiker.
- Doen die nodige navorsing, bv. doen onderhoude, opnames, fotografiese materiaal, ens.
- Verskaf 'n metodiese verslag, gebaseer op die navorsing/ondersoek wat uitgevoer is.
- Verskaf 'n lys van verwysings en die bewyse van navorsing.
- Stel gedetailleerde vereistes op en spesifiseer hoe jou oplossing aan die vereistes sal voldoen.

**LET WEL:**

Die ***gebruiker*** is die teikengehoor en bepaal dus die behoeftes en vereistes van die program.

## FASE 2– ONTWERP

Die doel van Fase 2 is om te bepaal ***hoe*** die program/stelsel aan die vereistes sal voldoen. 'n Goed beplande oplossing moet voorsien word.

Die volgende moet gedoen word:

- Maak gebruikervereistes duidelik deur spesifiek aan te dui hoe jou program/oplossing elke vereiste sal nakom.
- Verskaf 'n duidelike TVA-diagram ('IPO chart') om die toevoer-, verwerking- en afvoer-vereistes van die stelsel vir ten minste drie van die hoofkoppelvlakke aan te dui.
- Gebruik ten minste nog een sagteware-ontwerphulpmiddel om die vereiste duidelik te maak.

**LET WEL:**

- Die volgende hulpmiddele kan in die ontwerpproses gebruik word:
  - TOE-kaarte, ERD-diagramme
  - Vloeikaarte, UML-diagramme (klasdiagramme en gebruik-geval-diagramme)
- Toon die ontwerp van die databasis, insluitend die tabelle, verwantskappe, veldname, -tipes en -groottes
- Dui die logiese vloei van die program en navigasie tussen skerms duidelik aan.
- Toon die GGK ('GUI') -ontwerp deur MRI ('HCI') -beginsels te volg vir ten minste DRIE verskillende skerms, uitsluitend die inleidende skerms.
- Gee ten minste TWEE voorbeelde van hoe jy die toevoer van geldige data vir die stelsel sal verseker, deur die GGK ('GUI') -koppelvlakke wat jy verskaf het, te gebruik.

## FASE 3– KODERING EN TOETSING

Die doel van Fase 3 is om die ontwerp te implementeer deur die kode te skryf en die program te toets.

Die volgende moet gedoen word:

**Vlak 1-vereistes: Kodering en Toetsing**

- Skryf die programmeringskode om die ontwerp te implementeer en die program te voltooi.
- Gebruik toepaslike strukture om aan die vereistes van die algoritme te voldoen.
- Gebruik multigeneste lusse en voorwaardelike strukture.
- Die gebruik van ten minste EEN tekslêer is verpligtend, asook die gebruik van ander datastrukture waar toepaslik.
- Gebruik lokale en globale veranderlikes.
- Gebruik van OOP-beginsels, hergebruik van kode, gebruik van funksies, prosedures, metodes en objekte.
- Gebruik relevante prosedures en komponente vir validering.
- Lig gedeeltes van die kode toe deur kommentaar by te voeg.
- Skryf projeknotas om met navigasie in die program te help; verskaf hulpmiddel-teksleidrade.
- Hierdie projeknotas moet beskryf hoe interaksie met die program moet plaasvind. Die notas moet ook enige bekende probleme beskryf. Projeknotas kan as deel van die hulpfunksies ('help functions') van die program geskryf word.
- 'n Goed ontwerpte GGK ('GUI') met die hernoem van relevante komponente.
- Toevoer van data met gebruik van die effektiefste metode, tekslêer, databasis, sleutelbord, komponente.
- Verwerking met gebruik van die mees toepaslike metodes.
- Afvoer van data met gebruik van korrekte komponente en strukture, met formatering waar nodig.
- Kompilering van 'n komplekse kode/string met gebruik van stringhantering-tegnieke.
- Verseker gladde interaksie tussen rame/vorms/'tabs'.
- Gebruik ten minste TWEE dinamiese komponente.
- Korrekte manipulasie en navraag ('querying') van databasis.
- Demonstreer jou program en beantwoord vrae oor die program en die kode tydens 'n onderhoudsessie.

**Vlak 2-vereistes: Hoër-orde-oplossings**

- Vertoon 'n skets/animasie/grafiek/kaart of tydreëlaar ('timer').
- Speel 'n video/rafel ('thread')/mobiele netwerktoepassing ('app') of tydgebaseerde simulasie op toepaslike wyse.
- Verseker dat daar ten minste DRIE berekenings, waarvan een kompleks moet wees.
- 'n Verskeidenheid van ten minste DRIE SQL-stellings en programmeringskode vir lêernavrae en instandhouding, soos die gebruik van aggregaatfunksies, berekende velde, invoeg van data, uitvee van data en opdatering van data.

- Komplekse programmeringskode, soos dinamiese geparameteriseerde navrae, met ander woorde die toekenning van parameters tydens looptyd.

## 3.5 PAT-vereistes

Die projek moet die volgende insluit:

- Databasismanipulasie deur programmeringstaalkonstrukte
- 'n Multivorm-/multiskerm-GGK ('GUI') met goeie funksionaliteit en bruikbaarheid, gebaseer op goeie MRI ('HCI') -beginsels
- Die gebruik van 'n tekslêer vir toevoer--afvoerdoeleindes, bv. om datastrukture op te vul en verslae te verskaf

**Databasis**

Die databasis moet:

- Ten minste TWEE gekoppelde tabelle (verwante tabelle) gebruik
- Voldoende volumes data en 'n verskeidenheid tipes velde gebruik, ± 10 rekords
- Toegang verkry en manipulasie doen, deur die program, m.b.v. kodekonstrukte
- Toegang verkry en manipulasie doen, deur die program, m.b.v. SQL-stellings

**Tekslêer**

Jou toepassing moet 'n tekslêer(s) gebruik vir toevoer/afvoer of beide.

Die data uit die tekslêer kan gebruik word om:

- Berekeninge en manipulasie in kombinasie met data uit die databasis te doen
- Bestaande data op te dateer
- Rekords in 'n databasis in te voeg/op te dateer

EN/OF

- Verslae kan geskep word deur na 'n tekslêer te skryf.
- Kan gebruik word as 'n hulplêer ('help file').

### GGK ('GUI')

Die grafiese gebruikerskoppelvlak (GGK) moet ten minste die volgende hê:

- DRIE vorms/skerms
- TWEE komponente (verskillende tipes) wat dinamies geskep word

**LET WEL:**
Die punt wat jy vir jou projek kry, sal grotendeels beïnvloed word deur die kwaliteit van die programmeringskode wat die data suksesvol manipuleer om sodoende te hou by die vereistes van die gebruiker, op die bes moontlike wyse. Kwantiteit sal nie verskeidenheid, doeltreffendheid en kwaliteit vervang nie.

Kopiereg voorbehou 

## 3.6 Wat jy nodig het om die PAT te kan doen

Om die PAT te kan doen het jy die volgende nodig:

- Java/Delphi-programmeringsagteware, insluitend 'n GGK ('GUI') IDE (geïntegreede ontwikkelingsomgewing)
- 'n Kantoorpakket ('office suite') met die volgende sagteware:
  - Woordverwerkingsagteware
  - Databasis-sagteware
- Toegang tot die Internet om data en inligting te kry
- Toegang tot ander bronne soos gedrukte media (bv. tydskrifte, koerante, brosjures, handboeke) of ander elektroniese materiaal (bv. e-boeke, e-artikels)
- Toegang tot fasiliteite om hardekopieë om te skakel na elektroniese dokumente, bv. skandeerder, digitale kamera
- Stoormedia om jou werk elektronies te stoor en te rugsteun, bv. geheuestokkie, herskryfbare CD/DVD

## 3.7 Wanpraktyk

Omdat die PAT 'n individuele projek is wat deel is van jou finale promosiepunt, mag jy nie:

- Hulp kry van ander sonder om erkenning aan hulle te gee nie
- Ander toelaat om programmeringskode vir jou te doen nie
- Werk inlewer wat nie jou eie is nie
- Jou werk met ander leerders deel nie
- Werk insluit wat direk uit boeke, die Internet of ander bronne gekopieer is sonder om erkenning te gee nie

Die bostaande aksies is wanpraktyke waarvoor 'n straf toegepas sal word, afhangende van die erns van die oortreding.

**LET WEL:** As jy werk uit ander bronne gebruik, mag dit nie 30% van die werk wat jy inlewer, oorskry nie.

## 3.8 Nienakoming

Jy sal tot drie weke voor die aanvang van die finale eksamen aan die einde van die jaar gegee word om uitstaande werk in te lewer of jou PAT-projek voor te lê.

As jy sou versuim om aan die Praktiese Assesseringstaak se vereistes te voldoen, sal 'n nul ('0') aan jou toegeken word vir die PAT-komponent van IT.

# 3.9 Instruksies vir Fase 1

Jy moet die probleem/taak wat gedoen moet word, goed verstaan. Doen goed navorsing/ ondersoek die onderwerp goed sodat jy 'n goeie idee het van wat verwag word van die sagteware wat jy moet ontwikkel.

Kies 'n spesifieke toepassing om die spesifikasies wat in hierdie dokument beskryf word, toe te pas. Gebruik relevante navorsingstrategieë, bv. onderhoude, vraelyste, fotografiese materiaal en gebruik die Internet. Analiseer die behoeftes of toepassingsvereistes noukeurig om te bepaal ***wat*** die programmering-oplossing moet doen en voorsien.

Die produk van hierdie fase is 'n duidelike verduideliking van wat die probleem/taak is en wat die oplossing in staat moet wees om te doen in terme van die behoeftes van die gebruiker (maatskappy)/taak en hulle gestelde doelstellings.

## DEFINIEER DIE TAAK

Skryf 'n kort beskrywing (±150 woorde) in jou eie woorde om die probleem/taak te beskryf en hoe die projek die probleem in algemene terme gaan oplos. Met ander woorde, die beskrywing moet geskryf word om jou keuse van scenario te verduidelik, binne die onderwerp wat op finansies gebaseer is.

Jou oplossing moet beklemtoon dat:

- Jy die vereistes van die taak wat jy gekies het, verstaan
- Jou oplossing die behoeftes van die taak sal oplos

Die beskrywing moet 'n algehele beeld gee van wat die doel en omvang van die projek is, maar *nie die detail nie*.

## DOEN NAVORSING

Die navorsingstadium is waar jy **feite insamel** omtrent die aard van die program wat jy gaan ontwikkel.

Daar moet 'n minimum van TWEE verskillende navorsingsmetodes wees.

Jou navorsing moet jou help om die tipe program wat jy gaan ontwikkel, uit te klaar, 'n paar bruikbare voorbeelde voorsien wat jou kan lei en dit moet 'n duidelike begrip voorsien oor hoekom die spesifieke tipe program vir hierdie projek geskik is.

**Die uitkoms/opsomming van die navorsing is 'n verslag** (±600 woorde):

Die verslag moet in duidelike, ondubbelsinnige taal geskryf word en moet die volgende aspekte insluit:

- Sleutelareas wat met die onderwerp verband hou
- 'n Opsomming van resultate wat uit die navorsing verkry is
- Die omvang en beperkings

**Verskaf bewyse van navorsing:**

Alle/Die meeste materiaal wat in die navorsing gebruik is, moet ingedien word.

**Verwysings:**

'n Lys van verwysings moet verskaf word om die navorsing wat gedoen is, te staaf.

**Gebruikervereistes:**

Die doel is om die gebruiker-, data- en verwerkingsvereistes van die stelsel af te lei en vas te stel, met inagneming van die menslike aspekte (bv. geskikte gebruikerskoppelvlak) en die fisiese omgewing (bv. hardewarevereistes). Identifiseer die voornemende gebruiker(s) en identifiseer gebruikerbehoeftes en aanvaarbare beperkings.

- Gebruik 'n tabel of 'n gebruik-geval-diagram ('use case diagram') om die rol, aktiwiteit, vereistes en beperkings van elke gebruiker van die program te verduidelik.
- Verskaf bewyse van 'n gebruiker-aanvaardingstoets vir gebruikers van die program.

## LEWER IN

Lewer 'n dokument in wat die volgende bevat:

- Die projekbeskrywing (±150 woorde)
- 'n Verslag (±600 woorde) wat die volgende bevat:
  - 'n Opsomming wat die navorsing/ondersoek/analise omskryf
  - 'n Slotsom (afleiding)
- Verwysings
- Gedetailleerde inligting oor die gebruikervereistes en gebruiker-aanvaardingstoetse
- Bewyse van navorsing

# 3.10 Instruksies vir Fase 2

Dit is hier waar jy die detail beplan en inligting voorsien oor ***hoe*** jy te werk sal gaan om die probleem op te los.

Die doel is om die algehele ontwerp wat aan die vereistes voldoen, te spesifiseer en te dokumenteer deur sagteware-ontwerpgereedskap, soos TVA-diagramme, TOG-tabelle ('TOE charts'), vloeidiagramme, EV-diagramme ('ER diagrams'), 'UML'-diagramme (gebruik-geval- en klasdiagramme), van duidelike aantekeninge voorsien, te gebruik.

Die uitkoms is 'n plan wat 'n hoëvlak-oorsig bied van ***hoe*** die oplossing saamgestel sal word deur van verduidelikende diagramme (of 'n toepaslike alternatief) gebruik te maak. Die plan moet die belangrikste blokke/aspekte binne die voorgestelde oplossing toon.

Spesifiseer en dokumenteer:

- Die probleemoplossingsmetode
- Die funksies van die belangrike dele van die program/stelsel
- Die onderlinge verwantskappe tussen die verskillende dele van die program/stelsel
- Die algoritmes, datatipes en datastrukture, asook enige ander vereistes van die oplossing
- Die doeltreffendheid van die voorgestelde oplossing om aan die vereistes van die probleem te voldoen

## ONTWERP DIE DATABASIS

Die doel is om 'n relasionele databasis te ontwerp wat as 'n databron kan dien, asook om data in die databasis met gebruik van programmeringsinstruksies te manipuleer.

Die databasis moet data aan die program voorsien om verwerk te word en verslae te voorsien.

Die Delphi/Java-program moet inhoud van databasistabelle kan manipuleer, bv. opdateer/ redigeer/uitvee/byvoeg van data, resultate van navrae voorsien, verslae voorsien, ens.

## ONTWERP DIE GRAFIESE GEBRUIKERSKOPPELVLAK (GGK/'GUI')

Die doel is om 'n GGK ('GUI') -ontwerp te skep wat goeie mens-rekenaar-koppelvlak ('HCI') -beginsels in ag neem, wat foute as gevolg van ongeldige toevoer voorkom en wat die hoeveelheid inligting wat 'n gebruiker moet intik, tot die minimum beperk.

Gebruik 'HCI'-ontwerpbeginsels en ontwerp 'n GGK ('GUI') wat die volgende in ag neem:

- Die gebruiker, tipe gebruiker en konteks van die gebruiker
- Gebruiker se vereistes, bruikbaarheid ('usability')
- Dialoog – moet toepaslik, eenvoudig en duidelik wees
- Gebruik en aanbieding van ikone – goed gekies en relevant, goed geplaas en doelgerig gebruik
- Kleur – toepaslike gebruik en kombinasie van kleure
- Terugvoer – netjies, duidelik en goed aangebied

Kopiereg voorbehou 

- Behulpsame foutboodskappe
- Uitgange – duidelik aangedui, korrek geplaas
- Kortpaaie
- Vloei van inligting op die skerm – bo na onder en links na regs
- Sinvolle gebruik van spasie op die skerm

Voorsien voorbeelde van beplande datavaslegging- en datatoegang-ontwerpe (skermkopieë van 'n prototipe van die projek mag gebruik word, maar moet beskrywende notas bevat) en van beplande afvoer-ontwerpe.

## ONTWERP DIE OPLOSSING (VLOEI, ALGORITMES, DATATIPES/-STRUKTURE, ENS.)

Gebruik toepaslike ontwerphulpmiddele om die oplossing in geheel te ontwerp met inagneming van al die onderlinge dele en die onderlinge verwantskappe tussen die verskillende dele van die program/stelsel.

- Beskrywing van die modulêre struktuur van program/stelsel
- Definisie van datavereistes:
  - Strukture
  - Lêerorganisasie en -verwerking (bv. tekslêers)
  - Validering wat benodig word
- Identifikasie van prosesse en toepaslike algoritmes vir datatransformasie
- Diagramme/Definisies en detail van klasse, objekte, hul attribute en metodes
- Beskrywing van maatreëls om sekuriteit en integriteit van data te verseker

## LEWER IN

Lewer 'n dokument in wat die volgende voorsien:

- 'n Beplande databasisontwerp
- 'n GGK ('GUI') -ontwerp
- 'n Lys van datastrukture en die gebruik daarvan in die program
- Sagtewarehulpmiddele wat gebruik is (TVA-ontwerp is verpligtend PLUS EEN ander hulpmiddel uit die gegewe lys)
- Valideringstegnieke
- Algehele oplossingsontwerp

# 3.11 Instruksies vir Fase 3

Dit is hier waar jy jou ontwerp implementeer deur van toepaslike sagtewarehulpmiddele (programmeringstaal, databasis-sagteware, GOO ('IDE'), ens.) en -tegnieke gebruik te maak om 'n oplossing vir die probleem te skep.

Nadat jy jou projek voltooi het, sal jy ook die program demonstreer en vrae oor jou program, die proses en die kode beantwoord.

## ONTWERP DIE DATABASIS

Implementeer die ontwerp en skep die databasis deur toepaslike tegnieke toe te pas.

Maak seker dat die databasis korrek met die program koppel en op 'n betekenisvolle en effektiewe wyse, wat die oplossing ondersteun, met die program saamwerk.

## ONTWERP DIE GGK ('GUI')

Implementeer die ontwerp deur die GGK te ontwikkel en gebruik te maak van toepaslike komponente wat gemaklike gebruik en navigasie sal verseker. Die gebruiker moet 'n aangename ervaring hê wanneer hy/sy die program gebruik.

## SKRYF DIE KODE

Gebruik die beplanningsdokumente van Fase 1 en Fase 2 om die kode vir al die eenhede/dele te skryf.

Gebruik goeie programmeringstegnieke en -strukture.

Implementeer effektiewe algoritmes en goeie defensiewe programmeringstegnieke om 'n robuuste program te verseker.

Dokumenteer die kode sodat ander mense in staat sal wees om die program te interpreteer en te verstaan wat individuele stukke kode doen.

Die databasis moet in die program ingebou wees.

## DOKUMENTEER DIE PROGRAM

Gebruik enige toepaslike fasiliteit van die programmeringstaal en skryf projeknotas wat vir die gebruiker toeganklik is, om te verduidelik hoe om die program te gebruik.

Die notas moet ook enige bekende programfoute of probleme beskryf.

Voeg kommentaar by om gedeeltes van kode te verduidelik

## TOETS DIE PROGRAM/STELSEL

Toets die program/stelsel deur duidelik gedefinieerde, tipiese data, foutiewe data en grensdata (ekstreme/uiterste data) te gebruik.

Kopiereg voorbehou 

## LEWER IN

Lewer in:

- Die voltooide Delphi/Java-projek, insluitend die kommentaar en projeknotas
- Die verklaring van egtheid (sien **Bylae D**)

## ONDERHOUD

Demonstreer die program vir evaluering.

Riglyne vir die demonstrasie van die projek:

- Die onderwyser sal datums en tye vir die demonstrasies skeduleer. Ongeveer 15 minute per projek sal toegelaat word.
- Jy moet alle dokumentasie voor die demonstrasie inlewer – ten minste een week vooraf.
- Die demonstrasie moet elektronies op 'n rekenaar gedoen word.
- Vir evalueringsdoeleindes moet jy jou rekenaarprogram uitvoer en al die kenmerke van die program aan jou onderwyser wys.
- Die onderwyser kan van jou verwag om toetsprosedures uit te voer om seker te maak dat die hele program reg werk.
- Die onderwyser sal tydens die demonstrasie van die nasienblad vir Fase 3 as 'n riglyn gebruik en punte dienooreenkomstig toeken.
- As deel van die demonstrasie sal die onderwyser op 'n ewekansige manier dele van die programkode in die projek identifiseer en jou vra om die doel en werking daarvan te verduidelik. Dit word gedoen om seker te maak dat jy die kode self geskryf het. 'n Soortgelyke prosedure sal tydens moderering gevolg word. Indien jy nie die kode wat in die projek gebruik is, kan verduidelik nie, kan geen punte vir die projek toegeken word nie.
- Jy moet die elektroniese kopie van die projek wat jy gedemonstreer het, inlewer. Die onderwyser sal hierdie kopie gebruik om enige uitstaande punte toe te ken om sodoende die punt te finaliseer.

## 4. GEVOLGTREKKING

